


# a is vir appel





Maak ‘n
appel groot
en rond, dan
‘n reguit
steeltjie tot
op die
grond.




# b is vir beer




Bennie
beer het
‘n reguit
rug, met
‘n ronde
boep wat
hom laat
sug.

Die c is ‘n klank wat jy nie sommer sien. Amper soos ‘n golfie wat krul, maar nie soos ‘n ronde nul.





# d is vir dam





Die padda spring in die dam en swem dan in ‘n sirkel, want hy kan kan kan.





# e is vir emmer

Emmertjie
emmertjie gaan
eers dwars. Maak
dan 'n draai.  Nou
gaan ons jou met
sand laai laai laai.




# f vir fiets







Die fiets ry
om die
draaitjie.
Af by die
lang
straatjie.
Kyk daar is
'n klein
paadjie!





# g vir gans


Maak eers die ronde koppie, af met die nekkie en 'n draaitjie na die bekkie.


# h vir hen







Hen loop na haar nes. Om die draaitjie en reguit op die paadjie.







# i vir ink




Trek 'n
lyntjie af en
dan bo-op 'n
kolletjie klein.








# j vir jas


Reguit lyn af
vir die jas wat
my pas.
Onder is 'n
halwe draai
en bo-op 'n
kolletjie fraai.

# k vir kat





Die kat hardloop af in die gang. Skuins op en skuins af tot hy die muis vang.





# l vir leeu




Leeu
hardloop in
'n reguit lyn
en stop by
die vinnige
konyn.




# m vir muis

Minna muis
hardloop weg
van die uil af.
Sy hop 2 keer
en skrik weer
en weer.











# n vir nes


Nessie nessie
af en op.
Maak ‘n draai
en af af af
tot op die
kuiken se kop.

Ollie otter o so rond. Gaan in die rondte om en om.





# o vir otter






# p vir padda



Padda plons
woerts af.
Hy spring
weer op en
swaai om die
draai.


Om die tafel sal ons draai, reguit na die quiche maak ons ‘n groot lawaai.




# q vir quiche

# r vir roos



Begin met ‘n
reguit lyn en
dan ‘n
draaitjie
klein. Ons ruik
aan die rosie
o so fyn.

# s vir slang

Sarel slang seil
met draaie en
swaaie, almal
is bang
selfs die
kraaie.





# t vir tier

Reguit af 2

met die


paadjie, 'n

halwe draaitjie.

Vergeet nie die

reguit, kort


straatjie.






# u in bus

Bus ry af met 'n swaai
en maak 'n draai. Hy
ry dan reguit af, hy is
al te fraai.




# v vir vark


Die vark hardloop skuins af na die hok en skuins op met groot amok.




# w vir wurm




Willie wurm
beweeg
skuins af en
op. Weer af
en op en
dan ‘n
vinnige stop.




Maak 'n strepie af so skuins, nog een wat hom kruis. Jy is dan baie wys.




# y vir ysbeer

Ysbeer vlieg om
die draai,
af met 'n
lawaai en
maak blitsvinnig
'n swaai.






Die besie zirts vinnig na regs, skuins af en dan weer vinnig regs.